# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (30/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 27 Julie 2018


CGA CITRUS SUMMIT 12 - 14 March 2019 Grow the Future, Together Balancing growth and inclusivity

***"Rogues are preferable to imbeciles because they sometimes take a rest" Alexandre Dumas***

## POMELO-UITVOERE NA CHINA

Met 'n paar weke van verskeping van pomelo's oor, is aangedui dat China 'n goeie volume bestemming vir Suid-Afrikaanse produkte is. Jaar tot op datum se verskepings (2,4 miljoen kartonne) is alreeds byna dubbel die finale 2017 volumes (1,4 miljoen kartonne) - en baie beter as 2016 se 900 000 kartonne wat deur die droogte geaffekteer is.


GRAPEFRUIT ( GF ) Exported to China ( CN ) : Current Season vs Previous Seasons






## SUIDELIKE HALFROND DATA


Die CGA se Inligtingsbestuurder, John Edmonds, het die data wat deur SHAFFE versamel is oor die Suidelike halfrond se sitrus wat verskeep is, ontleed. Sommige van die grafieke word hieronder gewys.

Citrus Growers' Association OF SOUTHERN AFRICA




CGA lede kan volledige verslae van John johne@cga.co.za aanvra.

## VERPAK EN VERVOER

Geringe aanpassings is aan die suurlemoen-, nawel- en Valencia-voorspellings gemaak. Vir suurlemoene lyk dit of die Sondagsrivier se oes korter gaan wees as wat oorspronklik verwag is, en die voorspelling is met 400 000 kartonne verminder. Die Valencia-voorspelling is ook van 53,1 m tot 51,7 m kartonne verminder. Omgekeerd, as gevolg van Senwes se goeie nawel-oes, is nawels se voorspelling met 700 000 kartonne verhoog - nou terug by die aanvanklike skatting.

| Tot Week 29 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aaanvanklike skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 12.8 m | 14.8 m | 16.8 m | 12.6 m | 14.6 m | 16.8 m | 17.9 m | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 9.3 m | 9.4 m | 11.1 m | 8.4 m | 9.7 m | 14.7 m | 16.6 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 12.8 m | 16.4 m | 15.7 m | 14.7 m | 14.3 m | 20.6 m | **19.9 m** | 19 m |
| Nawels | 22.1 m | 17.8 m | 20.8 m | 15.9 m | 18.2 m | 25.7 m | **25.3 m** | 21.1 m |
| Valencias | 13.4 m | 16.3 m | 11.3 m | 9.1 m | 5.2 m | 53.9 m | **51.7 m** | 53.8 m |
| **Totaal** | **70.4 m** | **74.7 m** | **75.7 m** | **60.7 m** | **62 m** | **131.7 m** | **131.4 m** | **123 m** |

DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS